
MT 24-25 : JESUS SE PROFETIESE REDE [9]

25:1-13 - Oor verstandigheid

No.232

Ons is besig met die tweede deel van die profetiese rede - die deel wat handel oor die wederkoms (24:36-25:46).

Die beheersende feit oor die wederkoms is die feit dat niemand, behalwe die Vader, weet wanneer dit gaan plaasvind nie (24:36). Daarom moet Jesus se dissipels waak ten einde seker te wees hulle is gereed wanneer Hy wel terugkeer (24:42, 44).

Hoe waak mens? Hoe kan jy verseker dat jy gereed sal wees? Jy moet getrou en verstandig lewe (24:45). Wat die Here daarmee bedoel, verduidelik Hy in die tweede en derde gelykenisse. Nou kyk ons na die tweede - dié oor verstandigheid.

Die huweliksgebruike van destyds

Mens moet iets van die huweliksgebruike van destyds weet om te verstaan wat Jesus hier skets.

Eérs het 'n man en vrou verloof geraak. Dan het die voornemende bruidegom 'n blyplek vir hom en sy vrou gaan regmaak. Op die afgespreekte dag van die troue sou hy en 'n klomp vriende dan gaan om die bruid te gaan haal vir die huweliksfees. Die uitbundige groep jongmense sou fakkels dra, omdat dit as 'n reël tydens die aand gebeur het.

Die bruid het gewoonlik ook 'n klomp vriendinne gehad om haar te help en te vergesel. By hierdie geleentheid het tien vriendinne (die bruid word gladnie genoem nie) opgewonde buite die huis gaan wag vir die mans om op te daag. Dit was donker en hulle het gevolglik lampe by hulle gehad.

Hier in die gelykenis het dit 'n lang wag geword, aangesien die manne eers teen middernag opgedaag het. Die meisies het gevolglik aan die

slaap geraak. Maar dit was nie die groot probleem nie, want toe daar geskreeu word dat die bruidegom gekom het, was almal dadelik helder wakker. Die krisis was dat die helfte van hulle nie rekening gehou het met die moontlikheid van 'n vertraging nie, en gevolglik het hulle lampolie opgeraak. En die ander wat ekstra olie saamgebring het, het nie kans gesien om dit met hulle te deel nie, want dan sou hulle self gevaar loop om sonder olie te raak voordat hulle by die fees aankom.

Die nalatige klompie meisies moes toe gaan kyk of hulle iewers olie in die hande kan kry. Dit het meegebring dat, toe hulle uiteindelik by die huweliksfees opdaag, die deure reeds gesluit was en hulle nie kon ingaan nie.

Eenders, en tog so anders

Sonder twyfel sinspeel die tien maagde op die sigbare kerk. Miskien moet ons dink in terme van 'n gemeente, want die meisies is kennelik vriendinne.

Let op hoe hulle ooreenstem: Al tien is genooi (sekerlik nie almal in die dorp nie). Al tien het die uitnodiging aanvaar (sekerlik nie almal wat genooi is nie). En almal wag op die bruidegom (sekerlik dink baie kerkmense nooit aan die wederkoms nie).

Maar let ook op die lotsbepalende verskille tussen hulle. As die bruidegom aankom, het vyf olie, en vyf nie; vyf is gereed, vyf hoegenaamd nie; vyf gaan in na die fees, vyf moet buite bly. En dis omdat vyf verstandig is, en vyf dwaas.

Daarom sê Jesus: "Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie" (v. 13).

Die olie

Waarom lê vyf se verstandigheid, en die ander vyf se dwaasheid? Die enigste verskil tussen die twee groepe is dat die wyses ekstra en daarom genoeg olie gehad het, terwyl die ander vyf nie só voorsiening gemaak het vir die bruidegom se vertraging nie.

Die vraag is nou, wat verteenwoordig die olie?

Hierom draai die gelykenis; hier lê die punt.

Hieroor is al baie gespekuleer. Maar om hier met allerlei obskure spekulasies te werk, gaan mens eerder mislei as help. Mens moet die gelykenis homself laat vertolk. Dan is dit duidelik: *die olie staan vir gereedheid wanneer die Here terugkom!* Beide groepe was aanvanklik gereed, maar met die wederkoms is net die wyses nog gereed.

Hoe verloor mens jou gereedheid, en hoe bly jy gereed?

Dink só daarvoor: die vyf onverstandige meisies het wel geweet hulle moet gereed wees, maar hulle was traak-my-nie-agtig daarvoor. Hulle het nie vir elke gebeurlikheid voorsiening gemaak nie.

Daarenteen het die verstandige meisies daarmee rekening gehou dat die bruidegom kon talm om te kom. Daarom vat hulle ekstra olie saam.

Dis soos die Voortrekkertjie wat net nie sonder lig wil sit nie, en daarom ekstra flitsbatterye saamvat as hy gaan kamp. Dis soos die voetslaner wat op die onbekende skof ten alle koste nie wil dors lei nie, en daarom eerder te veel water saamdra as te min.

Hiér is dus die punt: *dis wanneer iets absoluut belangrik vir jou is, wanneer dit werklik jou erns is, wanneer dit 'n aller-prioriteit vir jou is, dat jy voorsiening maak vir alle gebeurlikhede. Die vyf verstandige meisie wou ten alle koste gereed wees wanneer die bruidegom kom!*

Die verstandigheid dus wat so noodsaaklik is vir toelating eendag tot die bruilofsmaal van die Lam, is 'n lewensinstelling wat elke dag én lewenslank erns maak met die terugkoms van Christus.

Wat is dus ten diepste die verskil tussen die twee groepe? Lewenslange en diepgaande erns om gereed te wees om die Here enige tyd te ontmoet.

Of anders gestel, onverstandigheid kan op twee maniere manifesteer. Dit kan só behep wees met die wederkoms se nabyheid, dat dit gevolglik nie ingestel is op die langtermyn nie. Of dit kan die wederkoms só ver die toekoms instoot, dat dit vergeet om rekening te hou met die sekerheid daarvan.

Eenvoudig gestel: *wysheid is om in die lig van die toekoms en die ewigheid te leef!*

Wat sê dit vir ons?

1. Ons moet die verstandigheid wat die Here hier aan ons voorhou, nie geringskat nie.

As die gelykenis leer dat die vyf onverstandige meisies buite moes bly, beteken dit dat hulle die ewige saligheid ontsê is. Die woorde in v. 12, "Ek ken julle nie!", beteken eintlik, "Ek het geen verhouding met julle nie!"

Die uitdrukking was onder meer Rabbynse taal wanneer 'n leermeester 'n slegte leerling geskors het. Dit het hierop neergekom: "Vat jou goed en loop!"¹

In Lk 13:22-28 reageer Jesus op die vraag of min mense uiteindelik gered sal word. Hy gebruik dan twee maal dieselfde uitdrukking as hier, "Ek ken julle nie". As mens nog kon twyfel of die Here in ons gelykenis oor mense se ewige lot praat, is daar in Lukas geen twyfel nie.

2. Die olie van die lewe is nie oordraagbaar nie.

Niemand sal op grond van 'n ander se gereedheid gered word nie. In 'n soortgelyke stuk lering oor die wederkoms sê Jesus dat twee op dieselfde bed sal wees en dat een aangeneem sal word, terwyl die ander agtergelaat word (Lk 17:34). 'n Mens kan hierdie olie dus nie eers by jou man of vrou kry nie. Net so kan kinders dit nie by hulle ouers kry nie. Ook nie lidmate by hulle predikant nie.

Nee, dis iets waarvoor elkeen self verantwoordelikheid moet neem. Jy moet dit self by die Here kry, want net Hy kan gereedheidsolie gee.

3. Toe die bruidegom opdaag, was dit te laat om olie te gaan koop - onherroeplik.

Die vyf dwase meisies se mislukking was finaal. Die deur was vir ewig gesluit. Die vrolike geluide van feesvreugde agter die deur was so naby, en tog so onbereikbaar ver.

1. Bauer, Arndt, Gingrich, A Greek-English Lexicon of the New Testament, *oida*, §2.

Sekere dinge in die lewe kan eenvoudig nie op nommer nege-en-negentig gedoen word nie. Mens kan dalk nog vir 'n geskiedeniseksamen "cram", maar vir seker nie vir 'n musiekeksamen nie. Nee, sekere dinge verg deeglike voorbereiding, oefening en tyd.

Dit verg tyd om in heiligmaking te groei. Dit verg tyd om jou rentmeesterskap uit te leef. En dís dié dinge - gegee dat jy getrou was - wat die dag van afrekening die wonderlikste dag van jou bestaan sal maak.

Dit laat mens dink aan 2Kor 6:2: "Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding."

Waarom "nou"? Omdat die Here onverwags kom! Ons sal die oggend opstaan, sonder om te besef dat die laaste dag van hierdie ou wêreld aangebreek het.

In elk geval kom Hy vóór die wederkoms vir elkeen van ons persoonlik. En selfs al het ek nog lank om hier op aarde te leef, mag my genadetyd dalk vooraf stil-stil verbyglip. Sommige mense kry breinskade, sommige raak seniel. Soms kom en gaan die oomblik van God se heil, om nooit weer op te daag nie.

4. Ons kan hierdie lewe nie beter deurbring, as om dit te gebruik om ons vir die ewigheid voor te berei nie.

Dink daaraan: hoe kan jy jou gawes, geleenthede, kragte, middele en tyd beter aanwend?

As jy eendag op jou sterfbed lê - en terugkyk oor jou lewe - wat sal jy as nikswerd ag, en wat sal jy as die hoogste goed beskou? Gewis sal jy oor niks méér dankbaar wees nie, as oor daardie dinge wat jou voorberei het om vrymoedig, vreugdevol, verwagkend en vol vrede heen te gaan.

'n Uitsondering soos geen ander nie

Ons het gesê dat niemand olie by 'n ander kan kry nie; dat niemand op grond van 'n ander se getrouheid gered kan word nie. Dis absoluut waar - en tog ook nie heeltemal nie. Daar is één uitsondering. Trouens, alles, maar alles hang van hierdie uitsondering af. *Niemand word anders as op grond van Christus se*

getrouheid gered nie! By Hom alleen is die olie te kry.

Presies net hier lê die antwoord op die groot dilemma wat hierdie gelykenis vir ons skeep. Want wie van ons is elke oomblik van elke dag gereed om die Here te ontmoet? Sê nou Hy kom my haal terwyl ek in die greep van my sondige vlees ver van die Here af is. Miskien is ek so woedend vir iemand, miskien so gefrustreerd met 'n gesukkel, dat ek nie drie woorde in gees en waarheid kan bid nie - wat staan nog die bruidegom ontmoet. Helaas ervaar ons soms sulke oomblikke, nie waar nie - in elk geval die gewone sterflinge onder ons. Wat gaan van my word as die Here my in so 'n toestand moet aantref?

Mag so iets nooit met my gebeur nie! Maar, hoe ook al, my diepste sekuriteit in hierdie verband lê nie in my eie selfbeheersing, my eie erns, my eie getrouheid dag en nag nie. *Dit lê in die voorspraak van my hemelse Hoëpriester wat sonder ophou by die Vader vir my intree!*

Jesus Christus is dus nie net die verskaffer van die olie van die lewe nie - Hy wat as getroue Hoëpriester destyds in Sy staat van vernedering aan God se geregtigheidsvereistes voldoen het, en sodoende 'n onuitputlike oliebron geskep het. Nee, Hy is méér. In Sy hemelse voorspraak lê ook die waarborg dat ek enduit wakker en paraat sal bly om die Bruidegom te ontmoet.

So gesien, kan ek weet dat solank ek maar net voortdurend in Christus skuil, my olievoorraad nooit sal opdroog nie. En ek sal elke oomblik van elke dag vir die res van my lewe gestewel en gespoor wees om die bruidegom met 'n helder-vlammende lamp te ontmoet - *want Jesus Christus self en die inwoning van Sy Heilige Gees is die olie!*

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; of

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906